



**LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**  
**Sondag 27 Mei 2012**

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 103:1 & 2	Bl. 504	Skrifberyming 2-2:1 & 3	
2.	Psalm 130:1 & 2	Bl. 634	Psalm 66:1 & 7	Bl. 320
3.	Skrifberyming 3-4:1,2,3,4		Skrifberyming 2-4:1 & 3	
4.	Psalm 23:1 & 3	Bl. 107		
5.	Psalm 116	Bl. 569		
6.	Skrifberyming 1-1:1 & 7			

**BYBELSTUDIE GROEPE**



**SONDAG 3 Junie 2012**

- 19:00-20:00 in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Hebreërs*.

**WOENSDAG 6 Junie 2012**

- 10:00-11:00 in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Lukas*.
- 18:00-19:00 in die konsistorie die Voetsoldate Jeuggroep 7 en ouer.

**WINTER-BEDERFPAKKIES, PRESIDENT  
 KRUGER KINDERHUIS, PRETORIA**



Lidmate kan vanmôre die houers met geskenk vir die kinder in die President Kruger Kinderhuis, Pretoria, by die konsistorie afgegee. Die Diakonie is verantwoordelik vir die Bonsai-groep (9 seuns) by hierdie Kinderhuis en ons wil hulle graag bederf met eetgoed, wat hulle saans na studietyd kan geniet. Ons bedank u weereens vir al die steun van die verlede.

**Skakelpersone:** Hanlie Mocke en Martie Venter



# SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 27 Mei 2012

Nommer 16

**VERSTERKING VAN JOU GELOOF**

*[verstaan jy regtig die nagmaal?]*

- God maak geloof in jou hart deur die prediking [Rom.10:13-17] en God versterk jou geloof deur die Sakramente [Kategismus Antw.65].
- Jou deelname aan die nagmaal vandag is God se genademiddel waardeur jou geloof sterker gemaak word.

*Verstaan jy regtig wat vandag gebeur, of is dit maar net iets wat jy in jou verstand ken, maar nie werklik begryp en prakties ervaar nie?*

Kom ons verduidelik die saak vir die katkisasiekinders [dan verstaan die belydende lidmate dit dalk ook beter!!]. Stel jou 'n situasie by die skool voor. Iemand skree speelyd: "Kom ons speel 'rounders' ! Dan begin die twee sterkste seuns spanne kies. Hulle kies om die beurt. Daarom kies hulle van sterk na swak. Onder die klomp is ook ou *Neelsie Nikswerd*. Hy is 'n pyn. 'n Twak. 'n Regte *nikswerd*. Almal trap op hom. Niemand hou van hom nie. Nie een kind het veel tyd vir hom nie. Hy is vir die skool eintlik 'n nadeel en nie 'n voordeel nie. Dan kyk een van die sterk spankapteins na hom en sê: "Kom, Neelsie, jy is in my span." Dan kyk Neelsie om. Hy kan nie glo dat hulle met hom praat nie. Hy kan nie glo dit is hy wat gekies is nie. Daarom kyk hy om of iemand agter hom gekies is wat ook Neelsie is. Dan kan hy sy ore nie glo nie. Hy is gekies! Hy speel saam!! Sterk Koos Prefek het hóm gekies. Hom nogal op sy naam geroep: "Kom, *Neelsie*". In die kerk sit daar baie *Nikswerd Neelsies*. Hulle kry baie swaar om dit te glo. Hulle bly maar omkyk om te sien met wie die

(Vervolg op bl.7)



## PREKE VANDAG

Ds. Andre de Jager



Oggenddiens Tema: **DIE LIEFDE VAN DIE HERE LAAT ONS ONDERSKEI WAT DRINGEND EN BELANGRIK IS**

**Lees:** Filippense 1:9-11 Filippense 1:1-11

**Teks:**

As ons dink aan liefde en liefde uitgebeeld sien is dit gewoonlik, wat kry ek daarvoor. Of dit nou is 'n gevoel van opwinding, of veiligheid of net aanvaarding. Liefde word gemeet aan wat ek kry.

Maar Paulus praat hier van 'n ander liefde. 'n Liefde wat nie gerig is op wat ek kry nie, maar wat ek kan gee.



Aanddiens Tema: **BY JESUS IS EK BELANGRIK**

**Lees:** Lukas 22:24-34

**Teks:** Lukas 22:24

Die Here se koninkryk is 'n onselfsugtige koninkryk wat gee, nie verkoop nie.

Kan ons dit vir mekaar doen? Kan ons vir mekaar lief wees, mekaar help, mekaar bou, en nie iets daarvoor terug verwag nie? Kan ons dit vir mense doen, vir medegelowiges wat nie vir ons enige voordeel inhou nie, wat ons nie beter laat lyk, of gunste in die plek daarvan kan doen nie?

Jesus Christus is nie beperk tot die natuurlike verloop van dinge nie. Hy is nie beperk om op 'n bepaalde tyd sekere dinge te doen nie. Hy stel die beperkinge en bepaal die tye omdat Hy in beheer is van die hele skepping.



Here eintlik praat. En omdat die mense in die kerk al omkyk-omkyk luister, laat God die dominee soms van die preekstoel afklim. Hy moet jou aan jou hand neem en sê, God praat met *jou* en van *jou*. Wat in die prediking gehoor word is Johannes 3:16. God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie. Wat sê God hier? Hy sê vir jou: Ek is jǒu Verlosser.

- So het God met jou doop vir jou gesê, op jou naam, Johannes Petrus Cloete of Susanna Elizabeth Gouws "ek doop jou in die Naam van die Vader, en die Seun, en die Heilige Gees."
- *Dan kan daar nie meer twyfel wees nie! God bedoel sy ewige saligheid vir mý!!*
- En nou is dit nagmaal en die Here sê vir jǒu: "*Neem, eet, drink, GLO!!*"
- Christus sê - *Moenie omkyk nie! As jy die stukkie brood neem en eet en die wyn drink, kan jy seker wees die genade is vir jǒu bedoel.*

Dit is so goed jou naam staan op die stukkie brood geskrywe en is in die wyn afgeëts. Dit waarborg en verseker aan *jou* die egtheid van *jou* verlossing.

Só versterk die sakramente jou geloof. Jy kan seker wees. Jy hoef nie om te kyk nie.

- Maar dan moet jy dit natuurlik *glo!*
- Die sakramente veroorsaak nie jou geloof nie, dit versterk dit net.

As *Neelsie Nikswerd* ondanks die feit dat die kaptein hom gekies het sy rug op hom draai en wegloop, dan het hy nie saamgespeel nie. Netso in die kerk. As jy ondanks die sekerheid wat God jou gee willens en wetens wegstap van God af het jyself jou kans verbeur [Heb.6:4-6]. Maar as jy glo, gaan jy met vreugde aan God se kant staan, *omdat Hy jou gekies het*. Dan vertel jy opgewonde aan al die mens dat God jou [uit-]verkies het toe jy nog 'n sondaar, 'n Nikswerd Neelsie, was. Hy het dit met die sakrament van die doop bewys toe jy nog 'n baba was en dit vandag met die nagmaal herbevestig nou dat jy 'n grootmens is. Jý het Gód nie *gekies* nie. God het jǒu *gekies!* Dít is *genade!!* Met jou doop het God jou gemerk as sy kind. Dit is mos wat die teken van die water beteken. God sê dat Hy jou gewas het in soenbloed van Jesus Christus. Nou is jy God s'n. In die jare van jou kindwees en jeug en volwassenheid werk God die geloof in jou hart deur die Heilige Gees en die prediking (Rom.10:13-17). Jou geloof word moeg

en swak in die stryd van die lewe. In die nagmaal kom God en in Jesus Christus versterk Hy jou geloof.

*Dr. Nico van der Merwe*

**6. SIMBAAL 27 Mei 2012**  
**VAN DIE KERKRAADSTAFEL**

• **FINANSIES**

Die Kerkraad het op sy afgelope vergadering die finansiële state vir 2011 bespreek.

- **INKOMSTE:** Koeverte R377 796 43.8%  
Elektroniese oorplasinge R482 281 56.2%  
TOTAAL R861 077 100%

Die Inkomste het met 10.5% toegeneem teenoor 2010. Elektroniese oorplasinge is 'n veilige manier van bydra en die Kerkraad wil dit aanmoedig.

- **UITGAWES:** Ramings bly een van ons grootste uitgawes. Ramings aan die Administratiewe Buro, Streeksinode, Klassis en Sustentatie aan Khuma het R225 430 beloop. Dit is R51.90 per lidmaat per maand. Traktement, Medies, Pensioen is nie vergelykbaar nie aangesien Dr. Grovè en Dr. Van der Walt nie vir die volle kalenderjaar in diens was nie.

**SURPLUS:** Die state toon 'n surplus van R23 600. Die Kerkraad wil graag sy dank betuig aan al die lidmate wat so getrou en mildelik bygedra het. Ons kan met liefde gee of teësinning, met blydschap of swaarmoedig, met oorgawe of met wrewel.

"Soos ek gee, so sal ek ontvang." Piet Kruger KASSIER

**KINDER EN JEUGKONFERENSIE 26-28 SEPTEMBER 2012**

Die Fakulteit Teologie bied 'n toerustings konferensie aan vir almal wat met kinders en jeug werk. Verskeie kenners op die gebied van kinder en jeugsorg sal tydens die konferensie optree. Van die sprekers wat sal optree is: **Prof. Malan Nel, Craig Groome, Dr. Jan Grobbelaar, Marius Storm** Verskeie predikante uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal ook gedurende die konferensie optree. Konferensiegangers sal vir hulle eie **huisvesting** verantwoordelik wees. **Inskrywingsvorme** en verdere detail sal spoedig beskikbaar gestel word. Ons versoek kerkrade om **predikante, kategete** en almal wat met die kinders en jeugwerk in staat te stel om hierdie konferensie by te woon. Alle **Ouers** sal ook baie baat vind by die konferensie

Met dank  
Prof. dr. Gert Breed (TSP)

**SIMBAAL 27 Mei 2012**

**3.**

**LIEF EN LEED**



- Ons is dankbaar saam met **Pieter en Mariana Aucamp** dat alles goed afgeloop het met br Pieter se operasie.
- Hartlike gelukwense aan **Kobus en Leandrie Steenkamp**, met die geboorte van hul dogtertjie, Milandri, op Maandag 14 Mei 2012. Sy het 2,8 kg. geweeg en is pragtig! Baie geluk ook aan **Kobus (Sr.) en Rina**, die trotse oupa en ouma.
- Ons hartlike gelukwensing aan **Gerrit en Isebel Jansen van Ryssen** wat hulle tweede seuntjie, Adriaan, op 20 Mei 2012 laat doop het in die Gereformeerde Kerk Wilropark. Ons bid dat hierdie kindjie vir hulle ook tot groot seën sal wees.
- **Nicola**, dogter van br. en **Pierre en Cecile van der Walt**, is vanjaar gekies om SA te verteenwoordig vir die Budo Karate Kampioenskap in Moskou. Nicola het al die afgelope paar jaar medaljes (eerste 3 plekke) op die SA Karate-kampioenskappe verwerf in die KWF-styl. Sy het reeds haar derde rooi gordel verwerf en gradeer binnekort vir haar bruin gordel. Die kampioenskappe is vanaf 26 Junie tot 4 Julie 2012 in Rusland, en ma Cecile gaan saam om 'n wakende ogie te hou. Nicola het onlangs haar voet erg beseer in 'n ongeluk met 'n veldfiets, maar het gelukkig sodanig herstel dat sy slag gereed is vir hierdie uitdaging. Ons wens haar en ma Cecile alles van die beste toe vir die ver reis. Mag God hulle veilig bewaar, ook vir pa Pierre en Wicus wat die kospotte tuis aan die kook moet hou! Baie geluk ook met die groot prestasie, Nicola!

**SKOOLVERLATERSKAMP**


- Tema: Ken die Here persoonlik
- Wanneer: 8-13 Julie 2012
- Koste: R600
- Vir verdere inligting kontak: Paul Vogel 084 440 2199

- paulkrugervogel@yahoo.com

4

**SIMBAAL 27 Mei 2012**

<b>KOLLEKTES</b>			
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure	
27 Mei	Barmhartigheid	Emeritaatsversorging	
03 Junie	Barmhartigheid	Teologiese Studentekas	
10 Junie	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds	
17 Junie	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds	
			
<b>GEMEENTEPROGRAM</b>			
Sondag 27 Mei tot Saterdag 2 Junie 2012			
Sondag 27 Mei	Oggenddiens/Nagmaal	09:30-10:30	
Sondag 27 Mei	Bring en braai	12:00	
Sondag 27 Mei	Aanddiens	18:00-19:00	
			
<b>TEESKINKBEURTE</b>			
Sondag 27 Mei 2012	Geen teeskink / Nagmaal		
Sondag 03 Junie 2012	Wyke 03 & 04		
Sondag 10 Junie 2012	Wyke 05 & 06		
Sondag 17 Junie 2012	Wyke 07 & 08		
Sondag 24 Junie 2012	Geen teeskink - Vakansie		
			
<b>VERJAARDAE</b>			
27 Mei 2012 tot 2 Junie 2012			
30 Mei	<b>Gunter Steenkamp</b>	<i>Wyk 20</i>	<b>082-468-8764</b>
01 Junie	<b>Shani Loxton</b>	<i>Wyk 04</i>	<b>082-742-8136</b>
01 Junie	<b>Christa Snyman</b>	<i>Wyk 23</i>	<b>083-701-5498</b>
Van harte geluk met jou verjaarsdag hierdie week. Die seën van die Here word jou toegebied.			



### **NAMIBIË UITREIK 2012**

Die studente van Gereformeerde Kerk Cachet vertrek hierdie jaar (29 Junie-7 Julie) weereens op ons jaarlikse uitreik na Drimiopsis, Namibië. Hierdie uitreik dien as steun vir die Gereformeerde Kerk Sanveld. Die uitreik word finansiëel gedra deur borge van ander gemeentes en

fondsinsamelings wat die uitreikers self hou. Die bestuur wil u ook graag nader en vra dat u ons moontlik bystaan met finansiële bydrae, sodat ons weer, op ons beurt, daarmee die inwoners van Drimiopsis kan bystaan

### **SIMBAAL 27 Mei 2012**

5.

(d.m.v. Bybles, kospakkies en bouprojekte) of benodigdhede vir die uitreikers kan aankoop.

Bankbesonderhede: Namibië Uitreik Hulpprojekte  
 Rek. nr. 3833 1290 243 ABSA, Takkode: 335-138

Verwysing: Namibië, [naam/rede vir skenking]

Bewys van betaling na: [marnix.boersema@gmail.com](mailto:marnix.boersema@gmail.com)

### **BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

#### **BEROEPE ONTVANG**

- Ds TJ van Vuuren van Heilbron na Zeerust.

#### **BEROEPE BEDANK**

- Ds OJ Struwig van Delmas na Durban-Noord.
- Ds OJ Struwig van Delmas na Vryheid.

### **BORG – 'N - BYBEL**



Alle lidmate word aangemoedig en opgeroep om vanjaar deel te wees van hierdie grootse aksie. Die fokus is vanjaar op die Bybel, en nie bloot op die geld wat bygedra word nie.

#### **MIKPUNTE:**

1. 'n Standaard-Bybel kos tans **R52.00**.
2. Borg-'n-Bybel-aksie word vanjaar afgesluit op **28 Oktober**.
3. Ons eerste mikpunt is dat **elke besoekpunt** (153 besoekpunte) 'n Bybel sal borg. Dit beteken **26 Bybels per maand** (Mei tot Oktober) – 'n bedrag van ten minste **R1352 per maand**.
4. Ons uiteindelik mikpunt is dat **elke lidmaat een of meer Bybels sal borg**.

5. U kan u bydrae saam met u maandelikse bydrae voeg of in 'n Bybelverspreidingskoevertjie by die kerk inhandig.

